

**JAAREINDE**  
**2020**

**JAARBEGIN**  
**2021**





die stilte van die ou opstal  
waar die verledeling na terugkeer  
waar-skyflik om te vergaan  
deel mag word van die stilte

die stilte van in ou huis se soet reuke  
wat nie geplaas kan word van mensedrome  
en soet herinneringe se stilte wat hier gelewe  
en vergaan het om stil te word



is stiller en voller en meer uitgehol  
deur tyd as wat die nag daar buite  
met al haar geleidinge van oneindedeinende  
stites en sterrevaart in sonnestelsels  
wat wippe is vir nagvoëls ooit kan wees

want die stilte van die ou huis is die stilte  
van mense wat eens hier was en altyd hier is  
om die stilte van menswees te verbeeld  
en te belewe as heling

die naderende dood sonder jou af van jou soortgelykes –

ook al reeds omdat jy meer dooie mense ken as dié wat nog dink hulle lewe en dat hulle lewe *al* is –

die naderende dood wil hê dat jy nou anders gaan besin oor die rumoer en die stryd en die waan en waansin van te gelewe het selfs al sou jy jou moes verbeel jy is mens

(« as ek dit weer alles oor sou kon doen »)

die naderende dood sonder jou af  
om te besef jy sou dit alles  
presies *net so wéér* wil doen  
om te weet sonder om te weet  
wat dit is om mens te kon wees

(van hoe dit gaan wees om mens te wil wees)


Elkeen van ons is volmaak en net so ook onvolmaak in wat ons belewe as eie tyd.

Om kwaad te wees vir wat ons belewe as die omlynings van skaduwees wat ons woorde noem, en dikwels woorde van die hart, is om kwaad te wees vir die pad wat ons loop. Hoe ons deur passe in die berge geloop het onder laag op laag dansende wolke in feesgewade van die fynste materiaal, en hoe hulle ons teen die reën beskerm het, en af en toe bo in ‘n kloof was daar opeens ‘n oopwaaiering van roofvoëls hoog en stil op die vlerk wat dan ‘n wind moes wees, om hier op die rug te kom lê op die dak van ‘n herberg en na die sterre te kyk, moeg, o so moeg. En om te onthou. En om ‘n korrel druif in die mond te neem is om ‘n ster soet te laat oopgaan en oplos en dit af te sluk soos ‘n byna vergete herinnering. Dis goed om tegelyk weemoedig én bevry te wees dis selfs nog beter om in jou oorgawe bly te wees vir die ander se onthalwe. Waar die druiwe vandaan sou kom ? Uit die buurman se tuin waar die prieël wild gerank het hy is lankal dood en vergete. Maar iets van die lou soetigheid het agtergebly selfs al groei dit nou buite die grensdrade van die herberg waar die grond mettertyd weggekalwer is om berg-af deel te word van die vallei ver benede waar skaduwees tasbaar is. Rus nou eers ‘n bietjie. Lê op die rug en droom met oë oop van ‘n prieël lank lank terug toe die liefde nog ‘n innigheid was. Soos ‘n onvolmaaktheid. Moenie besitlik wees nie moenie meer verwag as rus en vrede nie, nie alle antwoorde het vrae nodig om begryp en verteer te word nie. Miskien sal jy dan weer terug wil gaan na ‘n vallei met vrugbare hange in die berg hoër na waar jy nog jonk was, om daar ‘n lappie wingerd aan te lê. Jy sal nie ‘n herberg wil wees nie. Maar soms sal jy oop-oog op die rug in die diep nag droom van hoe dit was om te lewe. En miskien sal jy soms ook wanneer jy nie wéét nie en nie hoef te weet of dit net ‘n vae gedagte is nie, iets van ons wat hier was wil onthou.

Want die mate van ons betrokkenheid gaan die bestek van ons saampraat definieer en daarmee ons hoop op agentskap dit help immers nie om van die wal af te staan en skree op die lyke wat in die stroom verby dryf nie. Wat nie wil sê dis soms goed om te praat of 'n mening te lug oor 'n situasie wat jy niks van weet nie dis goed soms om 'n bos in die hond te gooi. Al moet jy dan ook hardloop vir jou lewe vir die krokodil wat op jou afstorm.

*vriende, medesterwendes  
mag julle met die onskuld  
van 'n kind vir wie die wêreld  
'n wonderwerk is nog nie weet  
van wrok en van vrees  
nog nie en nie meer krom  
getrek word van pyn  
en weemoed  
nie weet van blinde wurms  
in die aarde  
nog nie nog nie nog nie  
wonder oor die weggaan  
in die grond of die vuur of die water*

*vriende, medesterwendes*



hier lyk ons nog ewe windgat  
maar eintlik het die insamel  
van bewuswording mét begeerte of sonder sin  
met ander woorde die byna *vol*  
genoeg om *leeg* te wees  
geskep uit stamelende bestaan ook *tyd* genoem  
ons faktap geslaan  
ontdaan van sin en vleeslike vergestaltung

ontdaan van syn en vleeslike vergestaltung  
hang ons nog 'n oomblik aan  
die skyn van te bestaan het  
ten minste vir die skryf van hierdie  
woorde met blinde gesigte na die lig gekyk  
en die arms om mekaar se gedaantes gedaan

#### al wat oorbly

wanneer dié wat weggekóm het  
terugkeer om  
hulle wat agtergebly het  
te help begrawe

is al wat oorbly

vir ons wat kon wegkom  
om terug te keer  
om julle wat agterbly  
te help begrawe

## ka-miljoen



die verkleurman beweeg  
as akrobaat op die naat van vuur  
waar al sy toekomstige gewig  
geweeg wag  
in die ewewigsoeke van skrywe  
na onsigbaarheid se gesig

dit wil sê vergaan se sêvergang  
in balans gebring  
as vertaling om die dood te vervang

en indien hy die prooi van woorde

moet verloor  
met die wik na beskikking  
tog nog die ballas van gewaag het  
soos aas  
te mag hang aan die lewe se vashoumik  
al langs die as van ewigheid

se soetjies verder trap in die asse van stilte

(neegegeen)

want wanneer jy iets  
werklik begryp het  
tot so 'n totaaltaal  
dat 'jy' *iets* is  
en heeltemal leeg  
en daar geeniets is  
om te verstaan nie  
is dit onmoontlik  
om aan te gee

die lewe is 'n tong  
proe – bestryk grein – vly –  
formuleer en maak die syn  
kenbaar genoeg vir die groet  
van afskeid neem  
om dood te gaan :

om in die dood se gang  
die sterftong  
uit te steek vir die lewe





al op die vlugstreep woorde deur die nag gereis na niks  
die naat ink gevolg tot waar dit reep  
en die doek te voos is vir lap of stik

kaalgeslag oop en bloot gelê  
op die nalaatnaat van lewe  
as ontbinding  
onder die vlerkverdonkerende koue swart son

nog kon weet hoe syfer woorde weg uit die vers  
na waar *hier* soek is

lyfskrywe vrug en wik ewe vir skikking  
maar vrotword is die oplase aas  
gehang in die mik van stilte  
om hemelse leservoëls mee af te skrik

Y CUANDO LLEGUE EL DÍA DEL ÚLTIMO VIAJE,  
Y ESTÉ AL PARTIR LA NAUVE QUE NUNCA HA DE TORNAR,  
ME ENCONTRARÉIS A BORDO LIGERO DE EQUIPAJE,  
CASÍ DESNUDO, COMO LOS HIJOS DE LA MAR.

ANTONIO MACHADO, 1875-1939.

M. G. G.

## GESÊ DIS NIE TE SÊ

die					
die	laaste				
die	laaste	woord			
die	laaste	woord	is		
die	laaste	woord	is	nog	
die	laaste	woord	is	nog	nie

*On a rien et On a tout*  
*On a rien parce qu'On a tout*  
*On a tout parce qu'On n'est rien*



« Mag daar altyd 'n lig brand in julle huis  
Mag die paddas julle onthou  
Mag die appels aljaar soeter word  
    En die druiweprieël groener  
Mag julle vriende wyn saambring vir die kuier  
Mag die huis wat julle betrek deurtrek bly  
    Vertrek vir vertrek  
Van die geur van sederhout en malvablare  
Mag die walle van julle slote nie te gou inkalwe  
    En instort nie  
Sodat die water nog helderder daarin kan vloei  
Mag die sterre en die berg en die stilte  
Oor julle en julle gesin bly waak  
Nou en môre en môre se aand  
    En elkeen van daardie dae se nag »



*Gedagtig aan Ampie, en al die ander wat gegaan het om altyd hier te wees  
Met ons hartlikste wense vir die feesgety en die komende jaar*